



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 21 JANUARIE 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust
Rdl M Z Abrahams

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Strategiese Dienste, mnr L Fourie
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl M Rangasamy open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 10 DESEMBER 2014

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 10 Desember 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, en dat daar met betrekking tot die volgende items:

Item 7.4: Verhuring van gedeelte van erf 301, Abbotsdale aan Cence and U-Grow Rural (12/2/R) (Wyk 7)

4.1/...

KENNIS GENEEM word dat kommentaar in die pers aangevra is en op Vrydag, 13 Februarie 2014 sluit.

Item 7.11: Afwyking van voorgeskrewe verkrygingsprosedures vir die aanvaarding van 'n kwotasie van die alleen verskaffer, Microsoft, ten opsigte van rekenaar programmatuur (8/1/B/1)

KENNIS GENEEM word, op versoek van die Uitvoerende Burgemeester, dat die transaksie so spoedig moontlik gefinaliseer moet word, hangende 'n moontlike verbetering in die wisselkoers.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEEVERGADERING GEHOU OP 6 DESEMBER 2014

5.1 ITEM 6.1.1: VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKING, ASOOK VOORGESTELDE AFWYKING EN WYSIGING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK: ERF 1066, DARLING (15/3/4-3) (WYK 5)
[Item 7.17 verwys.]

6. MAANDVERSLAG T.O.V. NOVEMBER 2014

[Die prestasie-evaluasie t.o.v. November van die onderskeie direkteure is ingesluit onder item 7.2, en word slegs die maandverslae van die direktorate wat addisionele inligting voorlê, behandel.]

6.1 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Finansies vir November 2014.

6.2 SIVIELE INGENEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir November 2014;
- (b) Dat, met verwysing na die groot afwykings wat steeds bestaan in e-coli-monster-nemings deur Swartland Munisipaliteit en die Weskus Distriksmunisipaliteit, daar kennis geneem word van die gesprekke wat hieroor plaasvind. Dit blyk, volgens die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste dat monsterontledings voortaan deur *Swift*-laboratoriums en nie meer deur die staatslaboratorium nie, geneem sal word wat die probleem behoort te ondervang.

6.3 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste vir November 2014.

6.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir November 2014.

6.5/...

6.5 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

6.5.1 VERKEER- & WETSTOEPASSINGSDIENS

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die Verkeer- & Wetstoepassingsdiens vir November 2014.

6.5.2 BRANDWEERDIENSTE

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die maandverslag van die vir November 2014.

7. NUWE SAKE

7.1 VOORLEGGING VAN JAARVERSLAG: 2013/2014 FINANSIËLE JAAR (7/1/1/1)

'n Afskrif van die konsep jaarverslag vir die 2013/2014 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die MFMA ter tafel gelê.

Met die opstel van die 2012/2013 jaarverslag is talle probleme met die nuwe formaat ervaar en is dit op verskeie platforms met Nasionale-, sowel as Provinsiale Tesourie gekommunikeer.

Swartland Munisipaliteit is deur die Provinsiale Tesourier genader om lg. by te staan in die ontwikkeling van 'n gebruikersvriendelike program en is fondse hiervoor bewillig. *Teessen Konsultante* (deel van *Ignite*) is vir hierdie doeleindes aangestel, en 'n baie suksesvolle databasisprogram is ontwikkel waaruit die jaarverslag in die voorgeskrewe formaat gegenereer kan word.

Die nuwe program sal nie slegs Swartland Munisipaliteit nie, maar alle ander munisipaliteite in die Wes-Kaap, in staat stel om 'n meer akkurate en geloofwaardige jaarverslag met wigte en teenwigte te genereer, wat nie voorheen deel uitgemaak het van Nasionale Tesourie se template nie.

'n Woord van spesiale dank word uitgespreek jeens die Strategiese Bestuurder en Bestuurder: Sekretariaat en Rekords vir hul bydrae om die formaat, asook die inhoud van die jaarverslag te finaliseer.

BESLUIT

[vir voorlegging aan die munisipale raad op 29 Januarie 2015]

- (a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2013/2014 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, welke voorlegging in die "nuwe" formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie, gedoen is;
- (b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 130 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
 - (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
 - (ii) die rig van 'n uitnodiging aan die publiek om verhoë daaromtrent te rig;
 - (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die spesiale raadsvergadering op 26 Maart 2015 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
 - (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;
- (c)/...

7.1/...

- (c) Dat die MPAC in terme van artikel 79(2)(d) van die Strukturewet, 1998 gemagtig word om adviserende lede wat nie lede van die raad is nie te koöpteer, ingesluit die volgende:
- die eksterne finansiële ouditkomitee;
 - twee wykskomiteelede om op die prestasie-assesseringspaneel gekoöpteer te word;
- (d) Dat lede van die wykskomitees ook 'n uitnodiging gerig sal word om (1) die MPAC-vergadering op voormelde datum en (2) die spesiale raadsvergadering op 26 Maart 2015 by te woon;
- (e) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 26 Maart 2015.

7.2 HALFJAARLIKSE BEGROTINGS- EN PRESTASIE-EVALUASIE (2/4/2)

Artikel 72(1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003, bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer.

BESLUIT

[vir voorlegging aan die munisipale raad op 29 Januarie 2015]

- (a) Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2014/15 finansiële jaar;
- (b) dat die evaluasie-verslag op 29 Januarie 2015 aan die Raad voorgelê word in terme van Artikel 54(1)(f) van die MFMA;
- (c) dat die voorgestelde wysigings aan die KPI's en teikens wat uit Hoofstuk 7 van die GOP voortspruit (soos vervat in die tabel onder paragraaf 1.6) goedgekeur word; en
- (d) dat, in opvolg op bogenoemde [en met verwysing na regulasie 23 hierbo], 'n aansuiweringsbegroting op die 2014/15 begroting ter tafel gelê word vir oorweging by die raadsvergadering op 29 Januarie 2015.

7.3 AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING VIR DIE 2014/2015 FINANSIËLE JAAR (5/1/1/1-2014/15; 5/1/1/2-2014/15)

'n Aansuiweringsbegroting moet in terme van artikel 28 van die MFMA oorweeg word, en is daar sekere vereistes waaraan voldoen moet word.

Die Aansuiweringskapitaal- en bedryfsbegroting vir die 2014/2015 finansiële jaar is apart tot die sakelys gesirkuleer. Artikel 28(4) van die MFMA bepaal dat slegs die burgemeester 'n aansuiweringsbegroting aan die munisipale raad ter tafel kan lê. Daar word derhalwe –

BESLUIT

[vir voorlegging aan die munisipale raad op 29 Januarie 2015]

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die virement van fondse tussen kapitaalprojekte (soos aangedui in Aanhangsel A) t.o.v. die Aansuiweringskapitaalbegroting vir 2014/2015, asook ongespandeerde kapitaal en nuut voorgestelde projekte vir 2014/2015 as gevolg van die noodsaaklikheid daarvan;
- (b) Dat die nodige statutêre dokumentasie afgehandel word in terme van die MFMA en dat die Nasionale en Provinsiale Tesourie dienooreenkomstig ingelig word;

7.3/...

- (c) Dat die aanpassing geen verhoogde finansiële implikasie vir die Raad inhou in terme van verhoogde tariewe vir die 2014/2015 finansiële jaar nie, maar het die aansuiweringsbegroting wel 'n positiewe vermindering in die tekort van R30 929 516 na R15 542 704;
- (d) Dat die ongemagtigde bestedings soos hierbo vermeld ingevolge artikel 32 van die MFMA na die 2014/2015 Aansuiweringsbegroting verwys word;
- (e) Dat goedkeuring verleen word vir die oordra van ongespandeerde fondse vanaf staatstoekennings wat alreeds deur Provinsiale Tesourie goedgekeur is t.o.v. die 2013/2014 finansiële jaar, soos aangedui in die Raad se finansiële state op 30 Junie 2014 (Aanhangsel D);
- (f) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2014/2015 as volg te wysig:

	<u>Oorspronklike Begroting</u>	<u>Aansuiweringsbegroting</u>
Kapitaal:	R 81 073 971	R 107 495 708
*Bedryfsuitgawe:	R 508 577 747	R 558 781 947
*Bedryfsinkomste:	R 477 648 231	R 543 239 243
Surplus/(Tekort):	(R 30 929 516)	(R 15 542 704)

**Dat die Raad kennis neem dat die finale inkomstes en uitgawes soos gerapporteer in die B-skedules aan Nasionale en Provinsiale Tesourie sal verskil van die syfers in ProMun, omrede die departementele kostes verskillend bereken word. Nieteenstaande bly die resultaat in terme van die surplus en tekort onveranderd.*

7.4 IMPLEMENTERING VAN DIE RISIKOBESTUURSBELEID EN –STRATEGIE, SOWEL AS IMPLEMENTERINGSPLAN (5/15/1/1)

Die Risikobestuursbeleid, -Strategie en Implementeringsplan dien as 'n riglyn vir die munisipaliteit om die implementering en instandhouding van doeltreffende stelsels te verseker en geleenthede daar te stel om institusionele prestasie te verbeter. Dit sal ook verseker dat risiko's wat dienslewering en die bereiking van doelwitte bedreig, betyds geïdentifiseer en versag word.

Die Munisipale Bestuurder beskou die implementering hiervan as 'n meganisme om risiko's op 'n daaglikse basis, en nie net wanneer omstandighede dit vereis nie, te kan bestuur.

BESLUIT

Dat die Risikobestuursbeleid, -Strategie en Implementeringsplan goedgekeur en geïmplementeer word, aangesien dit 'n verskeidenheid van voordele vir die munisipaliteit inhou, byvoorbeeld:

- meer doeltreffende, betroubare en koste-effektiewe lewering van dienste;
- meer betroubare besluitneming;
- innovasie;
- minimiseer vermorsing en bedrog;
- verminder verrassings en krisisse deur die vroegtydige identifisering van risiko's en implementering van kontroles;
- beter waarde vir geld deur meer doeltreffende gebruik van hulpbronne; en
- verbeterde projek- en programbestuur wat beter uitsette en uitkomste meebring.

7.5 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 OKTOBER TOT 31 DESEMBER 2014 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* bepaal dat daar op 'n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

7.5/...

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die werksaamhede van die Voorsieningskanaalbestuursafdeling ten opsigte van die tydperk 1 Oktober tot 31 Desember 2014, welke verslagdoening ingevolge artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* gedoen word.

7.6 ONDERTEKENING VAN FASE III VAN DIE UITGEBREIDE OPENBARE WERKE PROGRAM PROTOKOL OOREENKOMS (5/9/2/12)

President Jacob Zuma het tydens die *State of the Nation Address* op 17 Junie 2014 die regering se plan bekend gemaak om ses miljoen werksgeleenthede teen 2019 te skep met behulp van die Uitgebreide Openbare Werke Program (EPWP).

Dit is die verantwoordelikheid van die Nasionale Departement van Openbare Werke om die Uitgebreide Openbare Werke Program in die praktyk te laat realiseer. Gemelde departement kan nie hierdie taak alleen volvoer nie, en word die politieke leierskap van provinsiale en plaaslike regerings hierby betrek. Vir hierdie doeleindes moet die ooreenkoms deur die Uitvoerende Burgemeester as een van die belanghebbende partye onderteken word.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die protokol en dat die Uitvoerende Burgemeester die protokol onderteken.

7.7 VERHUUR VAN MUNISIPALE GROND TE KORINGBERG (12/2/4-7/1) (WYK 1)

Die Raad verhuur gedeelte van erf 182, Koringberg (groot ±3913m²) aan die Wes-Kaapse Departement van Onderwys vir onderwysdoeleindes. Die Koringberg Primêre Skool is op die perseel opgerig.

Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2015 en is 'n aansoek ontvang om die perseel vir 'n verdere termyn van vyf jaar te huur.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat gedeelte van erf 182, Koringberg (groot ±3913m²) vir 'n verdere termyn van vyf (5) jaar aan die Wes-Kaapse Departement van Onderwys verhuur word vir onderwysdoeleindes, met ingang van 1 Maart 2015;
- (b) Dat die verhuring geadverteer word in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;
- (c) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van advertensiekostes;
- (d) Dat die huurgeld jaarliks met 'n bedrag van 8% eskaleer.

7.8 VOORGESTELDE VERHURING VAN STOOR TE RIEBEEK-WES SKOUGRONDE (12/1/3/1-12/1)

Die leë store agter die ou skougronde te Riebeek-Wes word uit-die-hand-uit aan *Group 35 Foods (Edms) Bpk* verhuur.

Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2015 en het die huurders aansoek gedoen om die gedeelte stoor vir 'n verdere termyn van 12 maande te huur.

BESLUIT/...

7.8/...

BESLUIT

Dat die item terugverwys word, hangende 'n gesprek wat op Vrydag, 23 Januarie 2015 plaasvind met die Good Hopes Rugbyklub aangaande die moontlike gebruik van die betrokke store as alternatief tot die Riebeek-Wes stadsaal.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: DESEMBER 2014 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Desember 2014.

7.10 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11 AFSKRYWING VAN SKULDE – TOTAAL WERKLIK AFGESKRYF (5/7/1/1)

Die lysie van oninbare skuld van deernishuishoudings, sowel as debiteure is na afloop van 'n werkwinkel met raadslede aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 10 Desember 2014 voorgelê.

Die verslag met aanhangsels het ten doel om die werklike bedrag afgeskryf te bevestig, naamlik R4 665 906,55 t.o.v. deernishuishoudings, en R162 667.73 ten opsigte van gewone debiteure.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die bedrag van R4 828 464.28 t.o.v. oninbare skulde afgeskryf word.

7.12 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTEL VAN JOHN LAWSON (8/1/B/2)

In 2014 is daar twee studies gedoen met die oog om plaaslike ekonomiese ontwikkeling in die Swartland te bevorder wat beide deur Provinsie befonds is, naamlik die Medium Termyn Ekonomiese Ontwikkelingstrategie (nog in konsep) en die jaarlikse LED *Maturity Assessment*.

Om die LED *Maturity Assessment* se resultate te verbeter is dit nodig om die Ontwikkelingstrategie uit te brei om die bevindings en aanbevelings van eg. in te sluit.

BESLUIT

- (a) Dat John Lawson aangestel word om -
- die Medium Termyn Ekonomiese Ontwikkelingstrategie van Stone Soup Development te ontleed vanuit die ooggpunt van die Maturity Assessments wat hy gedoen het;
 - die bevindings van die Strategie en die Maturity Assessment te konsolideer en die uitkomst van die Maturity Assessment in die Strategie te inkorporeer;
 - bevindings en aanbevelings in die Strategie by te voeg soos nodig; en

7.12(a)/...

- 'n komponent by te voeg wat 'n detail analise bevat van die huidige Swartland ekonomie;
- (b) Dat die bedrag van R21 000 (BTW ingesluit) vir die aanstelling van John Lawson vereken word teen posnommer 050852002220;
- (c) Dat goedkeuring in terme van paragraaf 36(1)(a)(ii) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid verleen word vir afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedure aangesien die betrokke diens slegs deur een verskaffer voorsien kan word;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.13 EERSTE KONSEP: AKSIEPLAN IN VOORBEREIDING TOT DIE IMPLEMENTERING VAN DIE SPATIAL PLANNING AND LAND USE MANAGEMENT ACT, SPLUMA (WET 16 VAN 2013) (1/1/1/95, 15/1/4/1)

Alhoewel SPLUMA nog nie in werking is nie, word munisipaliteite aangemoedig om die nodige voorbereidingswerk vir die implementering daarvan te doen.

Die belangrikste aksies wat volvoer moet word om gereedheid vir implementering van SPLUMA te verseker is in die verslag tot die sakelys toegelig, onder andere, die vestiging en werksaamhede van die *Municipal Planning Tribunal*.

Die voorsitter doen 'n beroep op lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om hulle intussen te vergewis van die inhoud van die dokument, inaggenome dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee moontlik in die toekoms as tribunaal sal moet optree.

BESLUIT

Dat daar voorlopig slegs kennis geneem word van die konsep dokument en die beginsels daarin vervat, en dat 'n finale dokument later (wanneer die SPLUMA-regulasies finaal afgekondig word wat moontlik wysigings van die konsep teweeg mag bring) voorgelê sal word deur die Direkoraat: Ontwikkelingsdienste.

7.14 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN AFWYKING VAN ERF 213, ABBOTSDALE (15/3/3-1, 15/3/6-1)

'n Gedeelte van erf 213, Abbotsdale is reeds in 2014 uit-die-hand-uit aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke vervreem vir die oprigting van 'n kliniek. Hierdie aansoek het dus ten doel 'n om grondeenheid te skep met die gepaste grondgebruiksregte.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van gedeeltes van erf 213 (gedeelte A, groot $\pm 1010\text{m}^2$ en gedeelte B, groot $\pm 270\text{m}^2$), geleë te Darlingweg, Abbotsdale vanaf gemeenskapsone 1 na gemeenskapsone 3 en vervoersone 2 onderskeidelik, ten einde 'n kliniek op te rig en 'n gedeelte pad te skep, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 213 (groot 8833m^2), Abbotsdale in 'n restant ($\pm 7533\text{m}^2$), gedeelte A ($\pm 1010\text{m}^2$) en gedeelte B ($\pm 270\text{m}^2$), ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

C/...

7.14/...

- C Dat die aansoek vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 10 straatboulyn na $\pm 5m$, asook die 5m sy- en agterboulyne na $\pm 3m$ onderskeidelik ten einde die voorgestelde kliniek te akkommodeer, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;

- D **Dat punte A, B en C hierbo onderhewig is aan die volgende voorwaardes:**

D1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word vir die oprigting van enige strukture op die perseel;
- (b) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (c) dat die Departement van Vervoer en Openbare Werke uitvoering gee aan die landskaperingsplan soos aangedui in die aksieplanne van die ROR, beperk spesifiek tot gedeelte B ($\pm 270m^2$);

D2 WATER

- (a) dat die perseel van 'n enkele wateraansluiting, voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

D3 RIOOL

- (a) dat die perseel van 'n riooluitsuigtenk met 'n kapasiteit van 8000 liter waarvan die koppelstuk vir die riooluitsuigtenkvragsmotor vanuit die straat toeganklik is voorsien word. Hierdie voorwaarde is van toepassing op bouplanstadium;

D4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word, en in die geval van 'n besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;
- (c) dat mediese afval nie deur Swartland Munisipaliteit verwyder sal word nie, en daarom nie saam met huishoudelike vullis in dieselfde sakke geplaas word nie, maar dat dit deur 'n goedgekeurde instansie op die regte wyse verwyder word;

D5 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde aansoek veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel.

BESLUIT VERDER

- E Dat daar gepoog moet word deur die Direktoraat Korporatiewe Dienste om 'n addisionele voorwaarde van verkoop te stel, naamlik dat die betrokke provinsiale owerheid bouplanne vir die kliniek sal moet indien.

7.15/...

7.15 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP GEDEELTE 11 VAN DIE PLAAS GROENERIVIER NO 821, AFDELING MALMESBURY (15/3/10-15) (WYK 7)

'n Aansoek is ontvang vir 'n vergunningsgebruik op 'n gedeelte van gedeelte 11 van die plaas Groenerivier, no 821 (groot 12,5303ha), Afdeling Malmesbury geleë 3,5km suid-oos van Chatsworth vir 'n tuisberoep (eiendomsagentskapskantoor) en twee addisionele wooneenhede onder die landbousone 3 sonering.

BESLUIT

A Dat die aansoek om vergunningsgebruik ten einde 'n tuisberoep (eiendomsagentskapskantoor) sowel as twee addisionele wooneenhede onder die landbousone 3 sonering, ingevolge Artikel 7 Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes;

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die tuisberoep beperk word tot 'n eiendomsagentskapskantoor van ± 36m²;
- (b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (c) dat die werkershuise nie onderverhuur mag word as residensiële eenhede aan mense wat nie betrokke is by die landbou aktiwiteite op die eiendom nie;

A2 WATER

- (a) dat Swartland Munisipaliteit nie waterdienste aan die eiendom kan voorsien nie;

A3 RIOOL

- (a) dat riooldienste kan slegs voorsien word vir huishoudelike afval deur middel van suigtenk vragmotor;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat daar skriftelik aansoek gedoen word indien van Swartland Munisipaliteit se vullisterreine gebruik gemaak wil word;

A5 DEPARTEMENT VAN WATERWESE

- (a) dat geen besoedeling van oppervlak of grondwater hulpbronne mag plaasvind as gevolg van enige aktiwiteit op die eiendom nie;
- (b) dat maatreëls in plek gesit moet word om die onwettige strooi van konstruksie materiaal te beheer siende dat dit kan lei tot die besoedeling van af-loop oppervlak water;
- (c) dat geen onttrekking van oppervlak of ondergrondse water mag plaasvind sonder die vooraf verkreë toestemming van die departement van Waterwese, behalwe as dit 'n skedule 1 gebruik of 'n bestaande wettige gebruik is;
- (d) dat solide afval moet mee weggedoen word by 'n gelisensiëerde afval bestuursfasiliteit en moet bestuur word ingevolge die vereistes van die relevante wetgewing;
- (e) dat alle vereistes van die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998) ten alle tye aan voldoen word;

A6 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat die bestaande toegang na Plaas 821/11 moet na 'n permanente oppervlak volgens die spesifikasies van die Distrikpadingenieur, Ceres opgegradeer word. Die opgradering moet voltooi wees alvo-

7.15(a)/...

- rens die toegang vir die verlangde vergunningsgebruik gebruik mag word;
- (b) dat in terme van Wet 21 van 1940 (Wet op Adverteer langs en toebou van paaie) moet die advertensies langs Afdelingspad 1134 op plaas 821/11 deur hierdie Tak goedgekeur word. Volledige detail van al die advertensieborde langs die betrokke gedeelte van Afdelingspad 1134 moet by die departement van vervoer en openbare werke vir goedkeuring ingedien word. Die advertensie detail moet vooraf deur Swartland Munisipaliteit geëndoseer word. Bestaande advertensieborde wat nie deur die departement van vervoer en openbare werke goedgekeur is nie, moet verwyder word;
 - (c) dat in terme van Artikel 9 van Wet 21 van 1940 is daar 'n 95m boulynbepanking langs grootpaaie, hoofpaaie en afdelingspaaie soos gemeet vanaf die middellyn van die toepaslike padreserwe. Daar is dus 'n 95m boulynbepanking langs Afdelingspad 1134 van toepassing;
 - (d) dat aansoek by die departement van vervoer en openbare werke gedoen moet word om kondonasie te kry vir die oorskryding van die 95m boubepankingslyn op Plaas 821/11 met ± 31 m. Dat goedkeuring vir die kondonasie verkry moet word alvorens die nuwe vergunningsgebruik in bedryf gebring mag word;
 - (e) dat ingevolge artikel 17 van Paaie Ordonnansie 19 van 1976, is die statutêre 5m boulyn van toepassing langs afdelingspad 1134. Die 5m word vanaf die statutêre grens van die pad gemeet;
 - (f) dat die Distrikspadinginieur, Ceres moet sertifiseer dat die advertensieborde langs afdelingspad 1134 op plaas 821/11 volgens die goedkeuring voorwaardes van die Departement van Vervoer en Openbare Werke opgerig is alvorens die aansoek op vergunningsgebruik in bedryf gebring mag word;
- B Dat die beswaarmaker van die Raad se besluit per geregistreerde pos in kennis gestel word en dat sy daarop gewys word dat sy nie 'n reg tot appèl ingevolge regspraak het nie;
- C Dat die voorgestelde vergunningsgebruik om die volgende redes ondersteun word, naamlik:
- (a) fisies is daar geen beperkings op die perseel wat die voorgestelde aansoek negatief beïnvloed nie;
 - (b) die voorgestelde aansoek voldoen aan die boulyne soos van toepassing op landbousone 3;
 - (c) die diversifisering van die gebruike op die eiendom sal 'n bydrae maak tot die volhoubaarheid van die grondeenheid;
 - (d) die omliggende grondgebruike sluit hoofsaaklik ook kleinhoewes in en sal die voorgestelde gebruike gevolglik nie 'n negatiewe impak op die omliggende omgewing hê nie;
 - (e) toegang tot die perseel word onderhewig aan die voorwaardes in hierdie dokument as voldoende geag.

7.16 VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 146, RIEBEEK KASTEEL (15/3/10-12) (WYK 12)

'n Aansoek is ontvang vir 'n vergunningsgebruik op 'n gedeelte van erf 146 (groot ± 86 m²), geleë op die h/v Hoof- en Sarel Cillierstraat, Riebeek Kasteel vir 'n drankwinkel.

BESLUIT

- A Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik op 'n gedeelte van erf 146 (± 86 m²), geleë op die h/v Hoof- en Sarel Cillierstraat, Riebeek Kasteel vir 'n drankwinkel ingevolge artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

7.16/...

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die drankwinkel beperk word tot $\pm 86\text{m}^2$ soos voorgehou in hierdie aansoek;
- (b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word vir die omskepping van 'n gedeelte van die gebou na 'n drankwinkel;
- (c) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (d) dat die drankwinkel op so 'n wyse bedryf word dat dit nie 'n oorlas vir ander besighede in dieselfde gebou is, asook omliggende eienaars nie;
- (e) dat die eenaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan alle voorwaardes uitvoering gegee is;
- (f) dat die beswaarmakers per geregistreerde pos in kennis gestel word van hierdie besluit en daarop gewys word dat daar geen reg tot appèl is in terme van omsendskrywe 21/2012 van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele wateraansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullistarif vir elke besigheid gehef word wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

A5 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat die munisipale siviele ingenieur die gebruik en die uitleg van die voorgestelde op-straat parkering ondersteun;
- (b) dat die parkeringstaanplek groottes ten minste 6m x 3m sal wees volgens die plan 8876.2 van CK Rumboll en Vennote;
- (c) dat die eerste skuins parkeringstaanplek voor die ontwikkeling nie nader as 6m aan die Hoofstraat randsteen lyn is nie;

A6 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eenaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eenaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

B Dat die voorgestelde vergunningsgebruik om die volgende redes ondersteun word, naamlik:

- (a) die voorgestelde vergunningsgebruik is slegs die uitbreiding van die bestaande sake grondgebruiksregte van die perseel;

- (b) erf 146 is geleë binne die primêre sakenodus van die sakekern van Riebeek Kasteel soos identifiseer volgens die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit;
- (c) die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Riebeek Kasteel;
- (d) die voorgestelde vergunningsgebruik sal geen negatiewe effek op die omgewing hê, of die bedryf van die drankwinkel negatief ervaar word nie, indien die onderskeie wette/verordeninge/ordonnansies nagekom word deur die eienaar.

7.17 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKING ASOOK VOORGESTELDE AFWYKING EN WYSIGING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK: ERF 1066, DARLING (15/3/4-3, 15/3/5-3) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir die opheffing van beperkings op erf 1066, Darling ten einde die eienaar in staat te stel om 'n huiswinkel op 'n gedeelte van die erf te bedryf. Daar word ook aansoek om afwyking gedoen om die besigheid te wettig.

Verder word aansoek gedoen vir die wysiging van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit, ten einde ook die noordelike gedeelte van Durbanstraat as 'n aktiwiteitstraat te klassifiseer.

BESLUIT

- A Dat die aansoek vir 'n afwyking van 'n gedeelte van erf 1066 ($\pm 33\text{m}^2$ groot) , Darling ten einde 'n huiswinkel te bedryf, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die huiswinkel tot $\pm 33\text{m}^2$ soos voorgehou in hierdie aansoek beperk word;
- (b) dat hierdie goedkeuring is geldig vir 'n tydperk van twee (2) jaar, waarna die aansoeker weer 'n aansoek sal mag bring;
- (c) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (d) dat alle voorgestelde bouwerke aan die vereistes van die Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, (Wet 103 van 1977) moet voldoen;
- (e) dat alle ongemagtigde strukture binne 21 dae van die datum van hierdie skrywe gesloop en van perseel verwyder moet word;
- (f) dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (g) dat die nodige maatreëls in die voorkoming van knaagdiers en insekte getref moet word;
- (h) dat die vloer van die winkel skoon en higiënies gehou word;
- (i) dat die volgende nie in 'n winkel toegelaat word nie:
 - verkoop van wyn en alkoholiese drank;
 - stoor of verkoop van gas en gashouers;
 - muntmasjiene;
 - video speletjies, en
 - snoeker- en potspeltafels;
- (j) dat 'n emmer met sand binne die winkel vir brandbestryding voorsien word;
- (k) dat hierdie goedkeuring binne die winkel vertoon word;
- (l) dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelslisensie aansoek moet doen;
- (m) dat die eienaar aansoek doen vir 'n geskikheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir die bedryf van 'n voedselperseel;
- (n) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

7.17/...

A2 WATER

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- (a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

- B Dat die aansoek om opheffing van beperkende voorwaarde B(3), B(6) sowel as B(6)(b)(i) soos vervat in titel akte T30999/2011 van erf 1066, Darling aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel word vir goedkeuring.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER